

Die lewe – voorspelbaar én onverwags



SABBATMIDDAG

Leesverweysings vir hierdie week se studie:

Genesis 1 en 8:22, Psalm 90:10, Job 1:13-19, Handeling 9:1-22, Filippense 1:6, asook Romeine 8:1.

Geheeteks:

“Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd” (*Prediker 3:1, NAB*).

Koning Salomo se gedigte is seker van die mooiste op aarde: “Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is ’n tyd om gebore te word, ’n tyd om te sterwe, ’n tyd om te plant, ’n tyd om plante uit te trek, ’n tyd om ’n lewe te neem, ’n tyd om ’n lewe te red, ’n tyd om af te breek, ’n tyd om te bou, ’n tyd om te huil, ’n tyd om te lag, ’n tyd om te treur, ’n tyd om van blydschap te dans, ’n tyd om klippe weg te gooi, ’n tyd om hulle bymekaar te maak, ’n tyd om te omhels, ’n tyd om weg te bly van omhelsing af, ’n tyd om aan te skaf, ’n tyd om te laat weggaan, ’n tyd om te spaar, ’n tyd om weg te gooi, ’n tyd om te skeur, ’n tyd om toe te werk, ’n tyd om stil te bly, ’n tyd om te praat, ’n tyd om lief te hê, ’n tyd om te haat, ’n tyd vir oorlog, ’n tyd vir vrede” (*Pred. 3:1-8, NAB*).

Dit is ’n raak beskrywing van ons menswees, van die vasgestelde tye en plekke – die tipiese verloop – van die lewe. Ja, die lewe bestaan uit fases. Daar is bepaalde bakens in die tyd. Dit begin reg by geboorte en bring periodiek verandering. Soms is dit goed, ander kere nie. Soms het ons beheer daarvoor, en soms nie. Vandeesweek bekyk ons daardie vasgestelde oomblikke van verandering – en veral met betrekking tot die impak wat dit op ons, ons huismense het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 April.*

In die begin

Die Bybel neem ons terug na die begin. Dit maak dus sin dat die heeleerste teksvers met die volgende sinsnede begin (wat inderdaad ’n enkele woord in die oorspronklike Hebreeus is): “In die begin” het God... (*Gen. 1:1, OAB en NAB*). Die sentrale fokus van dié hoofstuk is natuurlik die gedaanteverwisseling wat die aarde op daardie oomblik ondergaan het. Eers was dit “woes en leeg” (*Gen. 1:2, OAB*) en toe word dit ’n wêreld omskep wat God Self, op die sesde dag, as “baie goed” beskryf het (*Gen. 1:31, OAB*). Met ander woorde: Die begin waarvan die Skrif hier praat, beteken die totstandkoming of grondlegging van die wêreld.

Lees Genesis 1. Elke skeppingsdag se toevoeging was duidelik ingewikkeld en veelvlakkig. Tog noop dit die bybelstudent om te vra: Bespeur ’n mens hier enige tekens van kans of toevalligheid? Of is die teendeel waar: Dat die skepping van ordelikheid getuig, dat alles op sy tyd en op die regte oomblik gemaak is? Wat sê dit vir ons oor God se karakter?

“Orde is God se [heel] eerste gebod” – só skryf Ellen G. White (*Signs of the Times*, 8 Junie 1908). Duidelik was en is dit steeds so op aarde. Hoewel sonde die natuur ontwig het, het ons steeds ’n mate van orde, ritme en reëlmaat.

Lees Genesis 8:22. Hoe getuig hierdie skrifgedeelte ook van orde?

Selfs na die sondeval het die fases van die natuur – oftewel die seisoene – basies ordelik bly verloop. Let op die seisoene, asook die hemelliggame wat lig afgee (d.w.s. die son en die maan wat “dag en nag van mekaar... skei... tekens... om seisoene, dae en jare aan te dui” (*Gen. 1:14, NAB*). Hierdie dinge verleen reëlmaat – ’n ritmiese gang – aan die wêreld wat God geskape het. Hoewel die Bybel ons net hier en daar ’n vlugtige blik op die toekoms skenk, laat Jesaja 66:23 ’n mens met die indruk dat die ritmiese gang van die natuur inderdaad ook in die nuwe hemel en op die nuwe aarde sal bestaan.

Die Sabbat skenk op ’n kragtige wyse ritme en reëlmaat aan die lewe, veral binne die huisgesin (ongegag hoe groot dit is en wie deel daarvan is). Bepoins nou dié stelling. Die Sabbat opsigself hou ook baie voordele in. Tog is die vraag: Watter klinkklare voordele trek ’n mens uit die herhalende aard van die Sabbat?

Die ritmiese lewensloop

Wetenskaplikes praat soms van sirkadiese ritmes, die idee dat liggaamsfunksies m.b.v. interne biologiese ritmes gereguleer word. (Dit word ook bioritme genoem en die Amerikaners praat van die sogenaamde “body clock”.) Met ander woorde: Reëlmaat is nie net in die wêreld daarbuite nie, maar is tot ’n mate ook in die weefsel van die mens. Die ritmiese aard van die lewe kom, in ’n sekere sin, van buite én van binne.

Van watter fases van die lewe lees ’n mens in die volgende skrifgedeeltes, en hoe het dit direk op die gesinslewe betrekking?

Pred. 3:2 _____

Gen. 21:8, Rig. 13:24 _____

Ps. 71:5, Spr. 5:18 _____

Gen. 15:15, Rig. 8:32 _____

Ps. 90:10 _____

Tussen die lewe en die dood – die haak en knippie van die lewenssnoer – lê ’n vasgestelde aantal oomblikke van verandering. Wat meer is, elkeen se lewenssnoer het sy eie skakels van belewenis. Party gaan kort na geboorte dood, terwyl ander buitengewoon lank lewe. Boonop groei en ontwikkel elke kind op sy of haar eie tempo. Sommige leer gouer loop of praat. Party kinders presteer op skool en volg uiteindelik ’n professionele loopbaan. Dié wat nie so goed vaar nie, doen praktiese werk. Party mense trou en het gesinne. Ander kan óf nie kinders kry nie óf bly lewenslank ongetroud. Daar is miljarde mense op aarde. Hoewel ons in vele opsigte ooreenstem (*lees Hand. 17:26*), is elkeen uniek. Ons lewens verskil dus in bepaalde opsigte van mekaar. In ’n sekere sin is daardie verskille belangrik omdat dit ’n eiesoortigheid aan elkeen verleen. Elkeen het dus iets unieks om by te dra tot die mensdom. Kortom, ons verskille stel ons in staat om mekaar tot seën te wees. Neem byvoorbeeld die voordele wat jonk en oud mekaar kan bied: “Die sieraad van die jongmanne is hulle krag, en die versiersel van grysaards is grys hare” (*Spr. 20:29; OAB, klem verskaf*). Ja, elke mens het iets om te bied – ongeag die lewensfase waarin jy jou bevind, of die verskille tussen jou en ander. Wat meer is, ons bydraes is nie net vir die Here nie, maar ook vir mekaar.

Kyk verby die andersheid van jou omstandighede en vra jou af: Hoe kan ek op ’n praktiese wyse ander tot seën wees? Hoekom wend ek nie ’n doelbewuste poging aan om iemand – veral een van my huismense – tot seën te wees nie?

Die onverwagse

Lees Job 1:13-19 en 2:7-9. Wat het met Job gebeur? Op een of ander manier, en op 'n bepaalde tydstop, val sulke tipe dinge ons ook te beurt. Hoe so?

Die Griekse filosoof Heraclitus sê: “Niks is permanent nie, behalwe verandering.” Sodra dit lyk of alles klopdisselboom verloop, gebeur die onverwagse: Skielik verloor jy jou werk of 'n ledemaat, meteens trek siekte jou tydelik of permanent plat, skielik brand die huis af, skielik word die kar afgeskryf, skielik val jy een oggend terwyl jy met die hond gaan stap. Alle verandering is natuurlik nie negatief nie – 'n onverwagse bevordering lei tot beter finansies, jy ontmoet iemand wat jou lewensmaat word – veranderings wat die meeste van ons verwelkom. Hoe dit ook al sy, die een oomblik gaan jy jou gang – volg jy jou roetine, hou jy by die ritme van die alledaagse – en skielik, in 'n oogwink, word dit ontwrig. Die tragedie wat Job te beurt geval het, het hom ook onkant betrap. “Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy” – dit is hoe die Bybel die niksvermoedende Job beskrywe (*hfst. 1:1, NAB*). Ons weet ook dat hy getroud was, dat hy sewe seuns en drie dogters gehad het, ook dat hy ryk was (*Job 1:2, 3*). Teen die middel van Job se storie lees ons dat hy nie minder as ses reuse terugslae beleef het nie. Sy eiendom, sy werksmag, sy kinders, sy gesondheid, sy vrou se ondersteuning en sy vriende se vertroosting – al hierdie dinge het hy verloor. Sy lewe het in duie gestort. Van sy gesin het niks oorgebly nie.

Hoewel Job se voorbeeld 'n uiterste geval is, kan die meeste van ons met die krisis (en selfs die trauma) van die onverwagse identifiseer. Die een oomblik verloop die lewe soos dit moet, en skielik verander alles handomkeer. Meteens word jou lewe – en ook dié van jou huisgenote – in 'n onverwagse rigting gestuur. Dit is ook nie 'n nuwe verskynsel nie. Abel was nie 'n gewelddadige dood te wagte nie. Slawerny in die vreemde? – Josef het nie geweet wat hom getref het nie. Albei van hulle is boonop deur gesinslede verrai. Wat meer is, dit het 'n geweldig negatiewe uitwerking op die twee treurende huisgesinne gehad. Dwarsdeur die Skrif is vele voorbeelde van mense wat met die onverwagse kennis moes maak, en hoe dit hulle en hul huismense op 'n nuwe paadjie gestuur het.

Dink nou aan dinge wat jou al onverwags te beurt geval het, dinge wat jou lewensverloop ontwrig en allerhande beproewings meegebring het. Hoe het jou geloof jou in daardie tye deurgedra?

Die bekeringsoomblik

Dit is maar só: Mense hou van gewoontes. En ons verkies daardie gewoontes inderdaad ook vas. Wat meer is, hoe ouer 'n mens word, hoe moeiliker om jou weë te verander. Jannie, mense verander nie sommer nie. “Ek het so hard probeer, maar my man wou net nie verander nie,” hoor 'n mens dikwels. Tog is daar een wat Hom wel op die verandering van die mens toespits: God. Nie soseer ons persoonlikheid nie, maar wel ons karakters. Dit is dan ook waaroor die verlossingsplan grotendeels gaan: God wat ons nuut maak deur die band tussen ons en Hom.

Watter groot verandering het Saulus van Tarsus ondergaan, en hoe het dit gebeur? Hand. 8:1, 3 en 9:1-22; Gal. 1:15-17.

“In daardie oomblik van totale oorgawe aan die influisterende Gees sien Saulus al sy foute raak. Daar en dan besef hy watter verreikende implikasies die wet van God het. Voorheen was hy 'n trotse Fariseër, heilig oortuig dat sy goeie werk hom in guns by God gebring het. Tog verootmoedig hy hom nou voor die Here en boonop met die eenvoud van 'n kind. Hy bely sy onwaardigheid, en smee om die geregtigheid van die gekruisigde en verrese Heiland. Om heeltemal in harmonie met Vader en Seun te wees, om die band van gemeenskap te maak – dit was Saulus se hartsverlange. So opreg is sy begeerte na vergifnis en aanvaarding voor God dat Saulus aanhoudend by die Here pleit...

“Die gebede van die boetvaardige Fariseër was [ook] nie verniet nie. Saulus se hele gedagterewêreld, sy hele ingesteldheid, is deur die genade van die Here getransformeer. Sy verstandelike vermoëns – sy strewende na 'n meer verheewe lewe – is in harmonie met die ewige planne van God gebring. So het Saulus se hele lewe dan om Christus en sy geregtigheid begin draai” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 119, 120).

Selfs al was ons bekerings nie so dramaties soos dié van Paulus nie, het elke gelowige 'n bekeringsverhaal; 'n unieke belewenis van hoe die Here in en deur ons lewens gewerk, en 'n transformasie teweeggebring het; sodat ons in die man en vrou wat veronderstel is om te wees, kan ontpop. Ja, dit is dikwels 'n proses. Soms wonder 'n mens ook: Gaan ek ooit verander? In sulke oomblikke van vertwyfeling móét jy jou eenvoudig tot twee onontbeerlike teksverse wend. Dit is beloftes om aan vas te klou en te bepeins.

Lees Filippense 1:6 en Romeine 8:1. Wat word hier belowe, en hoe sluit dit by die gelowige se daaglikse belewenis aan?

Oomblikke van interaksie

Die Bybel is 'n boek oor bande. Die mens is duidelik vir wedersydse bande geskape. Neem in ag dat byna niemand in totale afsondering woon en leef nie. Om mee te begin, g'n mens kan sonder ander se toedoen verwek word nie. Vanaf geboorte tot en met die ouderdom wat ons teoreties-gesproke “op ons eie” kan klaarkom, moet ons deur ander versorg en grootgemaak word. Die vraag is net: Watter volwassene wil regtig “op sy of haar eie” klaarkom? Die meeste van ons het behoefte aan geselskap, smag na kameraadskap met ander. Dit is wel so dat troeteldiere, soos honde, 'n mens baie plesier kan verskaf; maar op die keper beskou, is dit mense wat jou die diepste en mees lewensveranderende interaksies bied. Dit is dus geen wonder dat die gesin en gesinsbande onontbeerlik vir die bestaan van die mens is nie. Aangesien die meeste mense wel (en boonop gedurigdeur) wedersydse interaksie het, kan dit en het dit dikwels 'n uitwerking op die vaste patrone en skielike veranderings van ons lewens. Dit werk egter in twee rigtings: Ons het 'n uitwerking op ander se lewens, en hulle het 'n uitwerking op ons s'n. Een ding is seker (of 'n mens dit nou wil aanvaar of nie, en dikwels besef ons dit nie): Ongeag die rigting van daardie interaksie, is dit óf ten goede óf ten kwade. Dit is dus van kardinale belang dat ons te alle tye versigtig moet leef, sodat die onafwendbare invloed wat ons op ander het deurgaans ten goede sal wees – veral op diegene wat die naaste aan ons is, wat gewoonlik ons huismense is.

Lees die volgende teksverse. Hoe behoort ons in ons wedersydse interaksies teenoor ander op te tree? Rom. 15:7; Ef. 4:2, 32; 1 Tess. 3:12 en Jak. 5:16.

Eintlik is dit in vele opsigte 'n dooereenvoudige beginsel: Lê vriendelikheid, bedagsaamheid en medelye aan die dag sodat jy 'n positiewe invloed op ander kan hê, soveel so dat dit selfs 'n positiewe verandering in hul lewens teweeg kan bring. Let op Jesus se voorbeeld. Hy het 'n geweldig positiewe uitwerking op ander se lewens gehad, en ons is bevoorreg om in sy voetspore te volg. Doen dit met (die reeds-vermelde) wete: My invloed op ander is altyd ten goede of ten kwade, selfs al is dit net subtiel. Wat meer is: Daardie invloed – hetsy direk of indirek – is op sy sigbaarste in die gesin.

Let op Jesus se woorde in Lukas 11:34 en Markus 4:24, 25. Wat sê dit vir 'n mens oor die belangrikheid van die soort wedersydse interaksie wat die gelowige met ander moet hê?

Vir verdere studie:

Gebruik jou verbeelding en bepeins die soort veranderings wat die dissipels deur hul kontak met Jesus ondergaan het. Die meeste van hulle was ongeskoold, eenvoudige mense. Boonop was hulle gewoon aan die Joodse tradisie en leer. Skielik kom 'n Galilese rabbi en keer hulle wêreld om. Hulle ervaar jaloesie (*Matt. 20:20-24*) en konflik (*Joh. 3:25*). Hul gebrekkige geloof word aan die kaak gestel (*Mark. 9:28, 29*). Later verwerp en verrai hulle Hom selfs (*Matt. 26:56, 69-74*). Tog het hulle terselfdertyd geestelik gegroei, soveel so dat vreemdelinge kon sien dat Petrus een van Jesus se makkers was (*Matt. 26:73*). Petrus en Johannes het selfs party lede van die Sanhedrin laat kopkrap; want hulle was “ongeleerde en eenvoudige mense”. Nietemin het hulle die twee “as metgeselle van Jesus herken” (*Hand. 4:13, OAB*). Dink nou aan die ongelooflik positiewe impak wat ons in ons gesinne kan hê, as ons die soort lewe lei waarvan ons huismense kan sê: “Kyk, hy (of sy) is duidelik 'n volgeling van Jesus!” Kyk net wat Ellen G. White oor die invloed van die huislike omgewing te sê het: “'n Mens se huis kan baie eenvoudig wees, solank dit net 'n tuiste vir opbouende woorde en weldaad is, 'n plek waar hofflikheid en liefde huisvriende is” (*The Adventist Home*, bl. 18).

Vrae vir bespreking:

1. Lees Prediker 3:1-8. Hoe moet 'n mens, volgens hierdie skrifgedeelte maak om die vermelde beginsels in jou privaat en gesinslewe toe te pas?
2. Bepeins die volgende en deel dit in klastyd. Identifiseer 'n paar lewensveranderende ervarings in jou lewe. Dink aan die lesse wat jy daaruit geleer het, en indien van pas, ook die lesse wat jy versuim het om daaruit te leer. Tot watter splinternuwe insigte het jy gekom? Dink ook aan die uitwerking wat daardie lewensveranderende ervarings op jou huisgenote gehad het. Watter verdere lesse het jy uit daardie impak geleer?
3. Op watter maniere leef jy nou, deur jou band met Christus, op 'n ingrypende wyse anders as voorheen. Wat sê dit vir jou oor Jesus se bomenslike vermoë om die mens te transformeer?